Gebede tot VADER

Gebed (a) een van vyf (Gebed in YAHUSHA)

Onse VADER, ons groet en loof U. Groot sterk en almagtig is U. Al dié krag en al die mag is in U hande.
VADER die tyd het aangebreek wat U deur U Seun aan ons bekend kom maak het. Ons smeek dat U openbaringe aan ons sal skenk. Dat ons eer aan U Seun sal skenk sodat U uitverkore seuns U kan verhewe, loof en prys. O VADER U het mag oor alle skeppinge, stuur U Gees "YAHUSHA" aan almal wat Hom eer sodat ons die ewige lewe kan beërwe. Soos ons geleer het dat oor die ewige lewe, dat ons U ken, die enige waaragtige VADER en YAHUSHA U Gesalfde wat U gestuur het, dié Heerser oor U afgesonderdes. Onse VADER ons wil U lofwaardigheid deurgee hier op die aarde soos daar by U in die hemele. Die werke wat U ons gegee het om te doen kan slegs volbring word as U behaag. En nou, VADER, ag ons by Uself met die agting wat ons by U ontvang het, soos toe U Seun die wêreld geskape het. Ons wil U Naam openbaar aan ons broers wat U ons uit die Abraham, Isak en Jakob gee het. Ons wil aan U behoort en ons wil U Woord bewaar. Ons roep en lê ons gebed voor U in U Seun YAHUSHA. Nogtans nie ons wil nie VADR, maar U wil. HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (a) twee van vyf

Onse VADER, ons groet en loof U. Groot sterk en almagtig is U. Al dié krag en al die mag is in U hande. VADER ons weet en erken nou dat alles wat U ons gegee het, van U af kom. U Woord wat YAHUSHA 'U Seun' ons kom gegee het 'met Sy besoek' wil ons onderling aan mekaar ook deurgee. Ons wil altyddeur U Woord ontvang en dit waarlik so deurgee. Laat toe dat ons U Seun aan die Boervolk bekend kan maak; Laat toe dat ons U Seun 'YAHUSHA' se stem kan hoor wat van U kom. Leer ons om in Hom te glo terwyl Hy nog as Losser vir ons in wil staan. Ons bid vir die Boervolk o VADER, ja vir die hardnekkige en die halsstarrige mense onder ons. Ons bid nie vir die wêreldling nie, maar vir die uitverkore seuns van U. Ja vir die verstrooide 12 seuns oor die aarde VADER, Die 12 stamme van Yashar'EL wat U vir YAHUAH gegee het. Ons behoort aan Hom en weet dat alles wat aan U Seun behoort Uwe is, en wat Uwe Syne is. Ons behoort aan YAHUAH en YAHUAH aan U o VADER. Ons is in U Seun en so is ons ook in U.
Onse VADER ons smeek YAHUSHA se Koningskap en Heerskappy hier op aande; Hier waar verwarring, dood en mis lyding heers. Ons roep en lê ons gebed voor U in U Seun YAHUSHA. Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U wil. HalleluYAH abba VADER

Gebed (a) drie van vyf

Onse VADER, ons groet en loof U. Groot sterk en almagtig is U. Al dié krag en al die mag is in U hande.
Reine VADER, bewaar ons as Boervolk in U Naam, Ja 'o' VADER in dié Naam "YAHUHA / YAHUSHA" wat U vir U Seun gegee het. Daar heers groot verwarring onder die Boervolk VADER; Die duisternis verblind baie en daarom smag en pleit ons na eendrag onder mekaar. VADER ons bid die eenheid oor dié Boervolk wat U Seun 'YAHUSHA' ons kom leer het; Dat almal een mag wees net soos U, VADER, in Hom en Hy in U; en ook dat Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U Hom gestuur het. Ons bid nie vir die wêreld nie, maar vir die uitverkore in die wêreld, ons broers in Yashar'EL.
VADER, YAHUSHA het ons in U NAAM bewaar, en dit erken ons dat HY ons behoed en bewaak het, Dat Hy ons Toevlugsoord is sodat ons daarheen kan vlug waar U vir ons wag. Daar waar verlorenheid nie bestaan nie. Bewaar die Boervolk, U seun, van die verderf en duister sodat U geprofeteer-dè Woord in vervul kan tree. Daarom kom ons as Boervolk na U en ons spreek hierdie dinge, terwyl ons nog in die wêreld is, sodat ons U en U Seun se blydskap volkome in ons kan hê.
Ons roep en lê ons gebed voor U in U Seun YAHUSHA. Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U wil.

HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (a) vier van vyf

Onse VADER, ons groet en loof U. Groot sterk en almagtig is U. Al dié krag en al die mag is in U hande.
Ons VADER, ons dank U vir U Afgesonderde GEES wat U daar gestel het om ons te behoed en te bewaar. Ons dank U vir daardie Heerser wat U aangestel het oor alles wat aan U behoort. Hy wat heers oor die gees en vleeslike; Hy wat ons U Woord gegee het. Die wêreld haat ons as Boervolk, VADER, omdat ons nie van die wêreld is soos U Seun nie van die wêreld is nie.
Ons bid nie dat U ons uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U ons van die Bose sal bewaar; 'Die heiden tussen ons'. Reinig ons Boervolk in U waarheid; Laat U Woord dié Boervolk altyd in die waarheid gelei word. U het U Seun YAHUSHA na ons gestuur hier op aarde, daarom wil ons daardie evangelie bly verkondig onder onsself regoor wêreld.

U Seun het Homself afgesonder vir ons, VADER, daarom wil ons daardie "waarheid" verkondig en leef. Ons bid nie net vir die Boervolk alleen nie, maar ook vir ons ander broers in die verstrooiing. Mag U hulle wat glo, oor die wêreld heen, U Woord vertroulik nakom. Mag eendrag begin heers onder U Vaandel van U Seun 'YAHUSHA';Mag dit netso wees soos U,VADER, in YAHUAH en YAHUAH in U en ons in U
Ons roep en lê ons gebed voor U in U Seun YAHUSHA. Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U wil.

HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (a) vyf van vyf

Onse VADER, ons groet en loof U. Groot sterk en almagtig is U. Al dié krag en al die mag is in U hande.
Ons dank U as volk VADER in U Seun vir die waardigheid wat U ons gee as Boervolk. Ons pleit herinnering vir elke dag "eendrag maak mag" wat ons oor onsself uitgeroep het. Ons bid dat ons as Boervolk volkome een moet wees in ons woord en daad. Mag U die Boervolk as voorbeeld daar stel vir die wêreld in eenheid en sy Geloftes. Stel U Seun YAHUAH weer voor aan die twaalf stamme van Yashar'EL. Maak Uself weer bekend onder die Boere in ,U Seun, U geliefde. Ons pleit as 'n Gelofte volk vergifnis van weet en onwetende oortredinge. VADER, help ons dat die woorde wat ons voorvaders gespreek en beloof het in ere herstel. Laat ons weer U Seun se lofwaardigheid aanskou in U Mag en Krag. Belig weer die Boervolk soos in die 'Slag van Bloedrivier' en 'Paardekraal'.
Regverdige VADER, al het die wêreld U nie geken nie, tog het U ons geken. U het ons geformuleer en kom plaas hier aan die Suide van Afrika, 'n nuwe volk. Ons erken dat U, U Seun gestuur het in al ons reddinge van ouds, en daarom pleit ons dat U dit weer sal doen. U het U NAAM aan ons bekend kom maak in U Seun "YAHUSHA" en daarom wil ons dit steeds bekend bly maak. Mag U ons in U liefde aansien en U uitverkore Boervolk weer 'n kans sal gee.
Ons roep en lê ons gebed voor U in U Seun YAHUSHA. Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U wil.

HalleluYAH abba VADER

Gebed (b) een van vier (Gebed tot ons VADER)

Ons VADER, Opperhoof van die hemele; Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.

VADER, U eens uitverkore volk bring in verootmoediging onsself voor U. Laat U oor tog opmerksaam en U oë oop wees om te luister na gebede van U volk wat vandag deur geloof 'n gebed voor U aangesig plaas'. Yashar'EL U volk in verstrooiing anderkant die riviere van Kus , dié Boervolk, U knegte. Gruwelik het die Boervolk met hul families teen U gerebelleer. Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U; Ons het U Gebooie, Insettinge, Verordeninge en Geloftes geminag; Ons het U aangesien as 'n "drie-enige-magtige" deur kerkleer. Ons weet nou dat U die Oue van Dae is wat saam met U Seun 'YAHUAH' regeer. Ons het U en U Seun in Baal name aangespreek wat U toornig gemaak het. Ons en ons voorvaders het U ontstig deur soos die heidene 'n aardse-heerser te soek. Ons as die Boervolk het tot daardie oortredings besef gekom.

Ons onthou U Woorde "As julle ontrou is sal EK julle onder die volke verstrooi", maar as julle jul tot MY bekeer en MY gebooie onderhou en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal EK hulle daarvandaan versamel en hulle bring na die plek wat EK verkies het om MY NAAM daar te laat woon.

VADER ons smeek bekering en dat ons U gebooie kan onderhou en doen soos dit U behaag.

Ons roep U aan 'o' VADER en lê ons gebed voor U in U Seun YAHUSHA Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U wil.

HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (b) twee van vier

Ons VADER, Opperhoof van die hemele; Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.

VADER ons is skuldig aan oortredinge. Gruwelik het ons oortree en verkeerd gedoen; Ja boos het ons gehandel en in opstand gekom. Ons het van U Gebooie en Verordeninge afgewyk'. Ons en ons vaders was halsstarrig en het nie geluister na U knegte wat in U Naam gespreek het nie. Aan U 'o VADER' kom die eer en geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is; 'Ja die wat naby en die wat ver is' in al die lande waarheen U hulle verdryf het oor hulle ontrouheid wat hulle teen U begaan het. VADER die Boervolk met sy owerstes, voorvaders, en onsself kom toe die beskaming van aangesig omdat ons U Wette geminag het.

Ons vra met smeking o VADER dat U, U Seun spoedig as Regter, Heerser en Koning op aarde moet kom vestig. Wees ons barmhartigheid en vergewe ons, ons oortredinge. Ons het teen U opgestaan en wou self ons dinge uitsorteer en wou nie na U stem geluister nie; Om nie te handel en wandel in U wette soos ,YAHUSHA, ons kom leer het nie. Ons as Yashar'EL / Boervolk het afgewyk en nie na U stem geluister nie. Ons het 'n aardse heersers gesoek en U teleurgestel; Daardeur het ons onsself die vervloeking en dié vernietig oor onsself uitgeroep.
Met diepe ootmoed staan ons voor U 'o VADER'; Met smeekgebed dat U,U Seun sal toelaat dat Hy Sy ereplek sal kom inneem hier op aarde; Dat YAHUSHA U Gesalfde sal terugkom as 'YAH' ons Koning en ewiglik sal kom heers; Dat Hy op Sy troon kan kom sit om oor ons te kan kom regeer.
Ons roep U aan 'o' VADER en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam 'YAHUSHA' Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.
HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (b) drie van vier

Ons VADER, Opperhoof van die hemele; Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou. VADER ons is wetsoortreders en is nie waardig om voor U aangesig te verskyn nie; Tog smeek ons om in U guns aangesien te kan word. Ons pleit bekering van ons ongeregtighede en wetteloosheid. Ons wil graag ag gee op U waarheid. U was wakker oor ons onreinhede en daarom die straf oor die Boervolk. Blind en ondankbaar was ons teenoor U regverdig werke. Ons het U werke as vanselfsprekend gesien en nie ag op geslaan op U of U Seun YAH se stem nie. VADER ,Grote Majesteit, ons smeek en pleit by U om ons gebede te verhoor. Laat vir U 'n nageslag in Suider-Afrika. Moet tog nie dat *Yashar'EL* U Boervolk vernietig word nie. Ons pleit die stuk aarde waar ons as Boere woon nie tót-niet en leeg sal staan nie; Versag U grimmigheid en toorn teen die Boervolk o VADER. Ons voorvaders, soos onsself, is oortreders en is nie werd om as kinders van U uitgeroep te word nie. So het ons as Boervolk ook 'n voorwerp van versmading en veragting vir die wêreld geword. Baie van ons teenstanders verbly hulle in ons smaad, hulle spot met ons om te vra: Waar is jou sogenaamde Magtige Heerser wat sal help? Merk tog op dat Ha satan 's werkers en handlangers ons wil vernietig. Verhoor dan nou ons gebede en luister na ons smekinge VADER. Laat terwille van YAHUSHA, U Seun, U aangesig oor U gewyde en afgesonderdes skyn.
Ons roep U aan 'o' VADER en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam 'YAHUSHA' Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.

Gebed (b) vier van vier

Ons VADER, Opperhoof van die hemele; Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.

VADER hoor en neig U oor na ons as die Boervolk en luister na ons belydenis; Open U oë en aanskou ons verwoeste plekke en al die baie moorde, verkragtings en die wetteloosheid. Aanskou die land waar U eens ongehoorsame Boervolk woon. Roep weer U Naam oor ons uit. In smeking voor U aangesig werp ons nie ons gebed in geregtigheid nie, maar eerder om vergifnis van minagting van U grote Naam. Die wêreld haat die Boervolk en wil ons uitmoor. VADER dink daaraan dat dit U wil was dat die Boervolk nie aan die wêreld 'verbonde' of 'gelyk' moes wees nie.

Ons kom in verootmoediging op ons knieë en pleit met smeking vandag voor U 'o' VADER namens onsself, ons gesinne en ons volk. Ons is in nood 'O VADER' daarom met groot begeerte smeek ons gebedsverhoring.

VADER hoor, VADER vergeef, VADER merk op en doen dit.

Vertoef tog nie om U grote Naam ontwil. Stuur U Seun weer in U Naam "YAHUAH". Roep weer U Naam oor ons uit. VADER Ewig-lewende, Magtige Heerser, werp die aards heersers met hulle trone in die buitenste duisternis. Ons soek nie meer aardse leiers nie, maar U Seun YAHUSHA / YAHUAH vanuit die Allerhoogste waar U woon.

In verootmoediging VADER, mees Getroue, Gewyde, Majesteit, Magtige, Liefdevolle, Barmhartige, Regverdige en Ewig-lewende roep ons U aan en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam 'YAHUSHA'

Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.

HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (c) Een van twee

Ons VADER, Opperhoof van die hemele; Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.

VADER U het U Seun na ons gestuur dat Hy U aan ons moes kom bekend stel. Ons as Boervolk wil ook U bekend stel sodat die hele mensdom in die wêreld dit kan weet. U Seun het ons kom leer hoe Hy U eer en respekteer, en daarom is dit ons begeerte om U te eer, respekteer, loof en hoogagting te gee.

VADER U sit op dié troon met U Seun YAHUSHA aan U regterhand. Ons as Boervolk vra weer vir die geleentheid om met YAHUSHA, U Seun, te wandel en U te openbaar in Grootheid. Dat ons soos 'n bruid saam met haar Bruidegom kan voorberei die huwelik-smaal.

Ons vra vir genoegsame voeding en beskerming vir nou en die dag van more. Ons smeek beskerming en onverskrokkenheid wyl ons die Woord wil uitdra. Bewaar ons teen die duistere wat net wil verly en vertrap. Spreek ons vry van bindinge en vergeef ons van weet en onwetende wet-oortredinge. Ons roep U aan 'o' VADER en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam 'YAHUSHA' Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.
HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (c) Twee van twee

Onse VADER, U wat woon in die hemele; Ons as Boervolk bely en glo dat U die VADER is van YAHUAH U Seun; Ons glo en bely dat YAHUAH dié Gesalfde is; Ons glo dat U Seun YAHUAH die enigste weg na VADER is; Ons glo dat YAHUAH U Seun gekom het as YAHUSHA ons Losser; Ons glo dat U Seun YAHUSHA gesterf het aan 'n folterpaal vir die uitverkore se lossing; Ons glo dat YAHUSHA weer opgestaan het uit die doderyk en opgevaar het na U; Ons glo dat YAHUSHA op 'n troon sit aan U regterhand; Ons glo dat YAHUSHA weer sal kom as YAHUAH, ons Koning, om ons te kom Regeer. Ons roep U aan 'o' VADER en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam 'YAHUSHA'
Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.
HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (d) Gebed van bereiding

Ons VADER, Opperhoof van die hemele, Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.
Ons smeek hiermee as Boervolk by U bevryding van bindinge en towerspreuke wat oor ons gespreek was.
Ons beloof om al ons rebellie af te lê, Ons beloof om al ons oortredinge voor U neer te lê, Ons beloof om onsself aan U te onderwerp, Ons beloof om ons mede broer in die Boervolk te vergewe, as hy dit vra, Ons beloof om enige kontakte en voorwerpe te breek wat verband hou met heidense gelowe, en dit in totaal te vernietig.

Ons as Boervolk bely al ons oortredinge voor U en vra in smeking om vergifnis van weet en onwetende oortredinge, Ons smeek ook vergifnis vir woord of daad wat ons teen ons naaste gepleeg het, Ons smeek vergifnis vir oortredinge waar ons as Boervolk beloftes en geloftes gebreek het wat ons voorvaders beloof het;

Ons smeek dat U ons oë sal open en ons verstand verhelder, Ons smeek as volk U beskerming teen blootstellings en vloeke, Ons verwerp alle kontak met die heidense okkultisme en Ha sataniese dinge, Ons smeek bevryding en beskerming van Ha satan 's magte, en van valse uitsprake oor dié Boervolk.

Met die wil en keuses wat U, U volk geskenk het, kies ons om te doen soos dit U behaag.
VADER ons wil glo in elke woord wat U Seun YAHUSHA gespreek het om ons te beskerm teen vloeke, Ons wil in dié Naam YAHUSHA glo tot vrymaking van enige vloek oor U Boervolk. Ons open onsself nou om U seën te ontvang as, Boervolk, 'o' VADER, maak ons vry, In U Seun 'YAHUSHA' roep ons U aan. Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet
HalleluYAH Abba VADER

.....

Gebed (e) (een van twee)

Ons VADER, Opperhoof van die hemele, Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.
VADER ons bid vir vergifnis van oortredinge en ongeregtigheid. Leer die Boervolk weer U Gebooie, Verordeninge en Wette. Bekeer die Boervolk van hul verkeerde weë. Die Boervolk is U verdwaalde skape van U weide, en daarom smeek ons ontwaking, beskerming en 'n toevlugsoord waar ons Herder "YAHUSHA" is. HY is ons begeerte in ons Boere harte. VADER al die lof en eer kom U toe. U is goed en goedertieren is U werke. Die Boervolk behoort aan U 'o' VADER en daarom roep ons U aan en lê ons, ons gebed voor U. In U Seun se Naam 'YAHUSHA' roep ons U aan VADER
Nogtans nie ons wil nie, maar U laat U wil geskiet.
HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (e) (Twee van twee)

Ons VADER, Opperhoof van die hemele, Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.
Ons het 'n begeerte na U en YAHUSHA, U Seun. as Koning. VADER U weet wat die beste en goed is vir die Boervolk. Antwoord ons en sien ons aan, want ons volk is in nood. U is dié Almagtig VADER van Abraham, Isak en Yashar'EL, ons voorvaders. Ons beroep op U beloftes wat U gegee het: Dat U ons belowe het dat elk van die seuns van Yashar'EL 'n stuk aarde sal besit sodat daar 'n erfenis vir hulle nageslag kan wees;

U het belowe dat U altyd ‘n lamp vir ons en ons seuns sou gee; U het belowe dat ons wagtend moet bly totdat ons toegerus sal wees met krag uit die hoogte; U het belowe dat daar vir ons ‘n ‘Nuwe’ hemel en ‘n ‘Nuwe’ aarde voorlê en daarom verbly ons in U beloftes wat oor gaan na die ewige lewe.
Beskerm ons nou VADER teen die heiden ons vyand.
Ons staan nederig as Boervolk voor U in respek en erken U orde, Groot en Almagtig VADER.
Ons as die Boervolk roep U aan ‘o’ VADER, en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam ‘YAHUSHA’
Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.
HalleluYAH abba VADER

.....

Gebed (f)

Ons VADER, Opperhoof van die hemele, Grote en gedugte Heerser wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.
VADER dink aan die beloftes wat U aan ons voorvaders beloof het nl.: Lev.26:45 waar U beloof het voor die oë van die nasies om vir Yashar’EL ‘n Skepper te wees (Hand.7:8). Num.1:16 waar die wat uit die vergadering opgeroep was, die owerstes van hulle voorvaderlike stamme (Num 26:55; Num 1:16). Deut.19:14 waar U die grenslyne vir die voorvaders getrek het as erfdeel. 1Sam. 24:14 waar U Dawid ons voorvader in guns aangesien het. Ps.79:8 waar ons U pleit weens ons voorvaders se ongeregtighede. Matt. 13:54 waar YAHUSHA noem van die vaderstad waar Hy die volk geleer het (Luk 4:23; Mark. 6:1). Luk 1:55 dat U tot ons vaders gespreek het. Joh. 4:20 dat YAHUSHA uitwys waar die ‘vaders’ aanbid het. Joh. 6:31 wys YAHUSHA uit dat ons vaders die manna in die woestyn geëet het (Joh 6:49; Joh 6:58). In Hand.3:13 word ons uitgewys dat YAHUAH die Vader is van Abraham en Isak en Jakob “ons vaders” (Hand.3:22). Hand 5:30 wys U ons ‘vaders’ uit dat U, U Seun YAHUSHA opgewek het. Hand. 7:9-52 lees ons baie oor ons aartsvaders. 1Jo 2:13 skryf Johannes aan die, vaders, omdat julle U ken (1Jo 2:14).
Daarom smeek ons as Boervolk die beloftes wat U aan ons voorvaders beloof het ‘o’ VADER. Ons weet U is getrou aan U woord en daarom verlang ons U uitspraak oor ons voorvaders.
Ons as die Boervolk roep U aan ‘o’ VADER, en lê ons gebed voor U in U Seun se Naam ‘YAHUSHA’
Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet wat U aan ons voorvaders beloof het. HalleluYAH abba VADER

Gebed (g) (een van drie)

VADER, Opperhoof van die hemele, grote en gedugte Heerser, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou.
VADER, Yashar'EL, dié Boervolk staan voor U in aanbidding. Wees ons goedgunstig en open U oë om ons aan te sien wyl ons graag wil verootmoedig. Luister na die gebed van die Boervolk. Ons bid om U aangesig o VADER. Ja ons as Yashar'EL die Boervolk U knegte, die verstrooide volk anderkant die riviere van Kus. Ons besef dat ons gruwelik teen U gerebelleer het. Ons besef nou 'weens ons oortredinge' is ons kindskap aan U in gedrang. Ons het afgewyk en baie verkeerd gehandel teenoor U en U Seun. Ons het die Gebooie, Insettinge en Verordeninge geminag wat Moses, U kneg, beveel het. Ons het U en U Seun geminag. Ons en ons voorouers het nie na U profete geluister nie. Ons het U Seun in baal-name aangespreek en weet nou dat dit U toornig gemaak het. Ons, soos ons voorvaders, wou 'n aardse heerser gehad het soos die heidene en dit het U ontstig. Ons as Boervolk het nou tot daardie oortredings besef gekom. Dink nie meer aan ons ontrouheid en verkeerde dade nie, maar maak ons en ons verstrooi kinders bymekaar waar hulle hul ook al mag bevind op aarde. Maak weer die Boer se verjaagdes, van die einde van die hemel, bymekaar. Versamel en bring dié Boer en sy kinders weer na die plek wat U uitverkies het om U Naam daar te laat woon, 'Suid Afrika'.
Ons weet en besef ons skuld weens oortredinge, ons het gruwelik oortree, verkeerd gedoen, boos gehandel, in opstand gekom, van U gebooie en Verordeninge afgewyk. Ons en ons voorvaders was halsstarrig en nie geluister na U knegte wat in U Naam gespreek het tot ons hier in Suid Afrika nie. Ja aan ons owerstes en ons vaders omdat hulle U Wette geminag het. U het ons nageslag ver in anderlande verdryf weens ontrouheid wat ons teen U begaan het. VADER aan U kom die eer en geregtigheid toe, maar aan ons as dié Boervolk beskaming van die aangesig soos dit vandag is. Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.
In U NAAM roep ons U aan 'o' VADER, en lê ons, ons gebed voor U in U Seun se Naam 'YAHUSHA' HalleluYAH abba VADER

Gebed (g) (twee van drie)

VADER, Opperhoof van die hemele, grote en gedugte Heerser, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou. VADER by U is barmhartigheid en vergewing. U besit die waarheid; U spreek die vloek uit en vernietig volg; U luister na die ede wat die volke so maklik uitspreek waarmee hulle hulself so me vernietig. In diepe ootmoed staan ons voor U 'o' VADER. U is wakker oor die Boer se onreinheid wat hy oor homself gebring het. VADER U is regverdig by al U werke wat U doen; Laat tog volgens al U geregtigheid, U toorn, en U grimmigheid versagting intree vir die Boer en sy land;

U gewyde en afgesonderde Boervolk, wat tot erkenning van oortredinge van ons en ons vaders insien. Laat vir U ‘n nageslag in hierdie deel van Suider-Afrika. Die Boer in die Suider-Afrika het ‘n voorwerp van versmading en veragting vir die wêreld geword. Ons teenstanders verbly hulle in ons smaad, want hulle vra: Waar is jou sogenaamde Magtige Heerser wat sal help? Merk tog op dat Ha satans werkers en handlangers ons wil vernietig! Moenie toelaat dat U uitverkore Boere Yashar’EL’ volkie vernietig word, en die stuk aarde wat U aan hulle toegestaan het, sonder inwoners nie.
Hoor nou U knegte se gebed VADER, en luister na hulle smekinge. Laat ter wille vir U Woord dié bekeerde en vér ootmoedige. Laat U aangesig oor U gewyde afgesonderdes skyn. Laat U Seun, as Regter, Heerser en Koning op aarde Homself kom vestig.
Nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.
In U NAAM roep ons U aan ‘o’ VADER, en lê ons, ons gebed voor U in U Seun se Naam ‘YAHUSHA’
HalleluYAH abba VADER

Gebed (g) (drie van drie)

VADER, Opperhoof van die hemele, grote en gedugte Heerser, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou. VADER, neig U oor na ons en hoor ons belydenis; Open U oë en aanskou ons verwoeste plekke; Let op na al die moorde, verkragtings en wetteloosheid in die land van U ongehoorsame volk. Red asseblief weer die Boervolk oor wie U NAAM uitroep is; U grote almagtige NAAM wat ons verruil en geminag het. U het U Seun YAHUSHA na ons gestuur met ‘n blye boodskap wat ons deur die eeue geminag het. U het ons oorgegee aan ons slegte begeertes, en daardeur haat die wêreld U uitverkorenes. Dink tog terug dat dit U wil was, dat die Boervolk nie aan die wêreld verbonde of gelyk moes wees nie. U het toegelaat dat U Seun YAHUSHA heen kon gaan om vir U getroue knegte ‘n plek by U in die hemele te berei. YAHUSHA het self gesê: In die huis van My VADER is daar baie wonings. Ons as Boervolk wat deel uitmaak van Yashar’EL is in nood. Ons smeek in begeerte dat U ons gebed sal verhoor. Hoor ons aan ‘o’ VADER en vergeef en red ons. In verootmoediging smeek ons ‘versoening’ met U. Vertoef tog nie terwille vir U Seuns se volk ‘dié Boervolk van Suid Afrika. Kom o VADER, Ewig – Lewende Magtige Heerser en werp die aards heersers met hulle trone in die buitenste duisternis. Ons soek nie meer aardse leiers nie, maar U dié Allerhoogste en U Seun YAHUSHA.
Ons roep na U ‘o’ VADER, nogtans nie ons wil nie VADER, maar U laat U wil geskiet.

In U NAAM van U Seun ‘YAHUSHA’ roep ons U aan ‘o’ VADER, en lê ons, ons gebed voor U neer.

HalleluYAH ‘o’ abba VADER